The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

BEELD 2012/02/15 Page: 12

AVE: R 9451.36

Die ANC se groot blinde kol

Charl-Pierre Naudé

Om na die ANC se grootste blinde kol te soek is 'n *tall order*. Ek meen, daar is so *freaking* baie om van te kies.

Dis so 'n bietjie soos om 'n kleurblinde liewenheersbesie te wees wat op 'n polkadot-*pantie* verdwaal het. 'n Mens moet oppas of jy voel eindeloos geregverdig, sonder horisonne. En dís 'n onuitstaanbare toestand.

Maar laat niemand sê ek het nie probeer nie. Ek sal my vlerkies in toom probeer hou. Hier is my nommer een blinde kol van die ANC. (Met 'n aanloop.)

Nie so lank gelede nie het mnr. Julius Malema gesê dat AfriForum liewer sy geld aan behoeftige swart mense moet gee (as aan wit mense).

Dit was 'n besonder aggressiewe stelling. Want AfriForum kyk na onder meer die belange van 'n groep mense wat gebuk gaan onder 'n laegraadse menseslagting, naamlik die (meestal wit) boere van Suid-Afrika. Onder hulle tel waarskynlik klein-kleinboere, mense wat nie aldag te ver van behoeftigheid lewe nie.

Maar AfriForum is natuurlik ook gemoeid met identiteit, en die beskerming en uitbouing van toestande waarin 'n bepaalde identiteitspektrum menslikerwys kan gedy.

Daar is niks daarmee verkeerd nie. Daar is niemand anders wat dit doen nie, en daardie mense is óók mense.

Hier is AfriForum se sonde: Hulle steun die verkeerde kleur armoede.

En nie net in Malema se oë nie. In menige ANC-woordvoerder en die party self se oë.

Nie so lank gelede nie het ANC-gesindes gevra vir die afskaffing van die Afrikanerbond omdat dit 'n "apartheid-fossiel" is. Met ander woorde: Omdat die Broederbond, die bond se voorganger, in die verlede met tye nou verbonde was aan 'n immorele stelsel, is en was sy identiteitstrewe ten alle tye ongeldig.

Dit sou beteken dat omtrent alle groeperinge in die wêreld – insluitende die meeste van hierdie land se swart mense – nie op 'n identiteitstrewe geregtig is nie omdat hulle iewers in hul geskiedenis aan 'n menseregteskending skuldig was.

Die ANC se grootste blinde kol is dat hy sy eie identiteitstryd sonder meer gelykstel aan die stryd om regverdigheid.

Meer nog, hy kom naby daaraan om te ontken hy het hoegenaamd 'n identiteitstrewe, of dat hy een gehad het. Nee, dit gaan kwansuis álles net om regverdigheid. So asof "kinderagtige dinge" soos identiteit net by "afvallige" en "luidrugtige" groepe soos die Afrikaner en die Israeli's voorkom.

Die ANC sien gewoon nie raak wanneer sy eie besluite eintlik gaan om die eie identiteit – en belang – eerder as landsbelang of regverdigheid of fiskale gesondheid nie. Is die stryd om regverdigheid vir 'n kleiner getal mense dan minder geldig as dieselfde stryd vir 'n groter getal mense? Natuurlik nie.

Hierdie blinde kol herinner sterk aan die blindekol van oorheersende lande of stelsels, soos Amerika en die Westerse ekonomie wat "welstand" in die wêreld op bepaalde wyses bevorder en dan terugstaan en sê, ons bevorder nie onsself of ons eie taal of kultuur nie, dit gaan vir ons net oor die ekonomie, net oor "vooruitgang", net oor armoedeverligting.

Dis soos die storie van die sewe dwase. Elkeen tel almal behalwe hulself en daarom sien hulle net ses.

Deur sy eie strewes sonder meer aan 'n universele waarde soos regverdigheid te koppel, ontsê die ANC by verstek alle ander mense buite sy dampkring hul reg tot 'n regverdige lewe.

Laat almal eerder erken dat die stryd om geregtigheid aan niemand alleenlik en aan almal gesamentlik behoort.

Laat ons ook erken dat identiteit en eie belang onlosmaakbaar verbonde is aan die mensdom se sienings van wat "regverdig" is.

Dis tyd dat die "sewe dwase" wakker word.